

DIE ROETE VAN DIE BEESKOMMANDO: DIE VELDTOG VAN ANDRIES PRETORIUS TEEN DINGAAN JAN-FEB. 1840*

INLEIDING

BRONNE

Die belangrikste bron vir hier veldtog is die offisiële „Dagverhaal” gehou deur „Krygs Secretaris” P. H. Zietsman wat as „correct” gewaarmerk is deur die handtekeninge van hoofkommandant A. W. J. Pretorius en kommandante H. J. Lombaard, Jac. Potgieter, And. Spies en M. Scheepers. Die oorspronklike bestaan nie meer nie. Die oudste kopie daarvan het as byvoegsel tot die *Zuid-Afrikaan*, 10 en 17 April 1840, verskyn. Dit is o.a. opgeneem in J. Stuart, *De Hollandsche Afrikanen en hunne republiek in Zuid-Afrika*, Amsterdam, 1854 en (Engelse vertaling) in J. Bird, *The Annals of Natal*. Vir die doel van hierdie studie is gebruik gemaak van die kopie soos opgeneem in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal No. 1*, wat ’n getroue afskrif uit die *Zuid-Afrikaan* is.

Die tweede belangrikste bron van die veldtog is die verslag van die Franse reisiger A. Delegorgue wat die veldtog meegemaak het. Dit het verskyn in sy *Voyage dans l’Afrique Australe* (Parys, 1847). Behalwe vir die oorspronklike uitgawe word hier ook gebruik gemaak van die vertaalde uittreksels uit sy werk deur J. Bird in sy *The Annals of Natal*. Die feit dat Delegorgue hom baie krities en bevooroordeel teenoor die Boere uitlaat is vir die doel van hierdie studie nie van betekenis nie. Wel is van belang die feit dat hy sy opmerkings blykbaar nie dadelik (of nie altyd dadelik) en ter plase opgeteken het nie. Uit verskeie uitlatings kan mens ook aflei dat hy Zietsman se dagverhaal onder oë gehad het terwyl hy sy verslag geskryf het. So het hy die wedervaringe van die perdekommendo wat hy nie persoonlik meegemaak het nie, aan die hand van Zietsman beskryf. Sy werk kan dus nie in alle opsigte as ’n selfstandige bron geld nie hoewel dit tog betreklik kort na die gebeurtenisse opgeteken is en sy herinneringe daaraan nog betreklik vars moes gewees het.

Aangesien die „Beeskommendo” tot by Bloedrivier ongeveer dieselfde roete gevolg het as die „Wenkommendo” van 1838, is bronne oor laasgenoemde veldtog hier ook tersake. Hiervan is die „Journaal” van J. G. Bantjes die belangrikste (*Zuid-Afrikaan*, 14 Junie 1839, byvoegsel, opgeneem in *S.A. Argiefstukke, Natal No. 1*).

VOORTREKKERHERINNERINGE

’n Soektog deur die Voortrekkerherinneringe soos deur Preller in *Voortrekkermense* gepubliseer, lewer weinig oor die betrokke veldtog op. Die meeste verwysings daarna is vaag en verward. Dit is ook duidelik dat die ou Voortrekkers die gegewens van die twee veldtogte, die van

*Verslag van ’n ondersoek wat ’n aantal jare geldee aan die Raad vir Sosiale Navorsing voorgelê is. Hiermee word nogeens erkentlikheid betuig vir geldelike bystand van genoemde Raad.

die Bees- en die van die Wenkommando, soms met mekaar verwar. Dit is dus nodig om ook die herinneringe in verband met laasgenoemde veldtog te raadpleeg. Volledigheidshalwe word die volgende Voortrekkers genoem wat in hulle herinnerings na die veldtog van die Beeskommando verwys: F. P. van Gass (V.T.M. I, p. 55), J. Z. Uys (V.T.M. I, p. 295), Karel Trichardt (V.T.M. II, p. 18), Izaak J. Breytenbach (V.T.M. III, p. 104), Izak de Jager (V.T.M. III, p. 116), D. P. Bezuidenhout (V.T.M. III, p. 163.), P. J. Coetser (V.T.M. IV, p. 61), S. W. Burger Sr. (V.T.M. IV, p. 102), J. H. Hattingh (V.T.M. V, p. 128). Voortrekkers wat hulle oor die roete van die Wenkommando uitgelaat het, is o.a. die volgende: Sarel Cilliers wie se *Journal* die eerste keer in H. J. Hofstede se *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat* (1876) opgeneem is, J. H. Hattingh (V.T.M. I, p. 179 en *Historia*, Jaargang IV nr. 3, p. 176), I. J. Breytenbach (V.T.M. III, p. 98), Izak de Jager (V.T.M. III, p. 112), P. J. Coetser (V.T.M. IV, p. 46).

LITERATUUR

Die eerste en tot dusver die enigste skrywer wat pertinent aandag gegee het aan die roete van die Beeskommando is E. G. Jansen in 'n hoofstuk van sy *Die Voortrekkers in Natal* (1938). Dit het feitlik onveranderd ook in die Voortrekker-gedenkuitgawe van *Die Huisgenoot*, Desember 1838, verskyn. Van belang is ook sy hoofstuk oor die roete van die Wenkommando in bogenoemde boek. Daarbenewens is dit eintlik net J. C. Voight, *Fifty Years of the History of the Republic in South Africa* (1899) en G. S. Preller, *Piet Retief* (10e druk, 1920) en *Andries Pretorius* (1937) wat enigins aandag aan die roete gee. Boeke oor die Groot Trek soos Manfred Nathan, *The Voortrekkers of South Africa* (Londen, 1937) en E. A. Walker, *The Great Trek* (Londen, 1938), Theal, *History of the Boers of South Africa* (Londen, 1887), en Cory, *The Rise of South Africa* IV (Londen, 1926), gee nie veel terreinbeskrywing nie. Oor die slag by die Maqonqo-koppe en die uiteinde van Dingaan is die boek van J. Y. Gibson, *The Story of the Zulus* (Londen, 1911) en H. C. Lugg, *Historic Natal and Zululand* (Pietermaritzburg, 1949) van belang omdat hulle veral toegang tot Zoeloe-oorlewering gehad het.

VELDWERK

Sedert 1949 het skrywer deel gehad aan verskeie navorsingsreise na Natal om die verskillende Voortrekkerroetes na te vors. Die eerste, dié van 1949 onder leiding van wyle mnr. F. A. Steytler, het die roetes vanaf die Drakensbergpasse na die laerplekke om Escourt en verder na Pietermaritzburg vasgestel. Daarna is gekonsentreer op die roete van die Wenkommando van Maritzdam na Bloedrivier en Dingaanstat. So is in Oktober 1956 'n navorsingsreis onderneem, ook onder leiding van wyle mnr. Steytler en verder vergesel van wyle mnr. J. le Roy Gouws, wat goed bekend was met die terrein, en 'n fotograaf van Filmdiens, Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap. By dié geleentheid was behulpzaam wyle mnre. A. W. J. van der Merwe en Ben Labuschagne van Winterton; en mnr. en mev. C. Lombaard van Ladysmith; mnr. G.

de Jager van Biggardsberg, ds. Van Niekerk van Dundee, mnr. Jan Landman van Landmansdrif, Dundee en wyle mnr. L. Spies van Koppie-Alleen, Kingsley en wyle mnr. D. J. Pretorius van Vryheid. 'n Volgende besoek, ook onder leiding van mnr. Steytler, waaraan ook wyle dr. W. J. de Kock, toe van die Universiteit van Pretoria, deelgeneem het, het weer op die roete van die Wenkommando gekonsentreer en veral die hulp van majoor A. Pretorius van Vryheid, tans oorlede, gehad wat oor uitstekende terreinkennis beskik het en baie bygedra het tot meer duidelikheid insake die Wenkommando-roete.

Hierna het die aandag op die roete van die Beeskommando geval. In 1861 het mnr. Steytler 'n ad hoc-toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing gekry om hierdie roete te gaan opspoor, maar hy het ernstig siek geword en ondergetekende versoek om die werk voort te sit. Met genoemde toekenning is in April 1962 toe weereens 'n navorsingsgroep onder my leiding, bestaande verder uit wyle dr. T. S. van Rooyen en mnr. N. J. van Warmelo, beide van die Universiteit van Pretoria, na Natal. Hierdie keer het ons die hulp gehad van oud-senator A. T. Spies, dr. W. Lubbe en weer mnr. D. J. Pretorius, aldrie van Vryheid. By dié geleentheid is verskeie punte vasgestel i.v.m. die roete maar die werk was nog nie voltooi nie.

Daarna het ek weer 'n toekenning gekry van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, met behulp waarvan weer 'n ondersoek ter plaatse ingestel is in Mei-Junie 1963. Hierdie tog het weer onder my leiding plaasgevind — mnr. Steytler is ondertussen oorlede — en ek was weer vergesel van dr. T. S. van Rooyen. Ons het ook die welwillende hulp gehad van die Departement Inligting wat vervoer verskaf het. Van genoemde departement het mnr. Laufs, 'n navorsingsbeampte, en mnr. Van Dyk, 'n fotograaf, ons vergesel. Ten slotte het ek weer in Julie 1964 die terrein verken van Ladysmith tot Vryheid en weereens interessante en waardevolle inligting van mnr. D. J. Pretorius van Vryheid verkry. Wat die resultaat van laasgenoemde drie reise was, sowel as van die voriges, sal verderop duidelik word.

DIE ROETE VAN DIE BEESKOMMANDO

Hierdie derde veldtog teen Dingaan is op las van die Natalse Volksraad onder leiding van hoofkommandant A. W. J. Pretorius onderneem omdat Dingaan in gebreke gebly het om 'n traktaat van 13 Mei 1839, tussen twee „Zoola Ambassadeurs” van hom en Pretorius aangegaan, na te kom. Hy het slegs 'n onbelangrike gedeelte van die vereiste skadevergoeding van 40 000 beeste uitgelewer. Die Volksraad het op 4 Jan. 1840 die besluit geneem en op 15 Jan. sou die kommando uittrek. Reeds op 14 Jan. het die „onderscheidene divisien” begin saamtrek en op 18 Jan. het die hoofkommandant by hulle aangesluit op die „verzamelplaats . . . aan de Togela-drif”.¹ Zietsman vertel niks van die reis van Pietermaritzburg na die Tugela nie. Delegorgue gee wel 'n beskrywing daarvan — hy het egter nie met die kommando saamgereis nie, maar agternagekom

1. Zietsman, Natal I, 324.

en aan die Tugela daarby aangesluit. Uit sy beskrywing kan mens wel aflei watter roete die Pietermaritzburg-kommando gevolg het. Dit sou waarskynlik die toe alreeds gevestigde pad gewees het.²

Die „Tugela-drif” waarvan hier sprake is, word nie nader omskryf nie, nie deur Zietsman en ook nie deur Delegorgue nie. Dit kan egter aangeneem word dat dit dieselfde drif is waar die Wenkommando einde November 1838 deur is en waar ook hulle op versterkings gewag het. Dit is naamlik Skietdrif, enkele myle stroomop van waar die Klein Tugela in die Tugela vloei. Volgens Zietsman het hier 70 manskappe onder leiding van kmdt. Andries Spies van oorkant die Drakensberg aangesluit. Zietsman self het ’n opname gemaak van al die krygsmanne; daar was 335, ’n getal wat te min geag is en gevolglik is die landdros van Pietermaritzburg gevra om meer te stuur.³

Delegorgue vertel dat hy op 18 Januarie op die walle van die Tugela aangekom het wat op daardie stadium oortrek was met manne, perde en waens. Volgens hom was daar 308 gewapende manskappe, 60 Hottentotte en 400 Bantoe-bediendes, 600 perde, 700 osse en 50 waens. Dit het verskeie ure geneem om die rivier oor te steek. Daarna het hulle ’n halfmyl verder gekampeer op ’n draai van dieselfde rivier. „Après quoi nous campâmes à un demi-mille plus loin, près d’un coude de la meme rivière.”⁴

Hierdie kampeerplek, ’n halfmyl van die drif af, was waarskynlik dieselfde plek waar die Wenkommando op 2 Des. 1838 gelaer was „aan dezelfde rivier, meer naar boven”.⁵ Dit is op die linkeroewer van die Tugela net onderkant die oostelike punt van Vaalkrans. Hier is op Sondag, 19 en Maandag, 20 Januarie 1940 vertoef. Net soos tydens die Wenkommando het Pretorius aan die Tugela sy kommando georganiseer. Op 20 Januarie is ’n behoorlike kamporder opgestel en afgelees.⁶ Dieselfde dag het Matowan, kaptein van ’n Zoeloestammetjie wat naby die huidige Elandslaagte gewoon het (Matowanskop in die buurt dra vandag nog sy naam), sy opwagting in die laer gemaak met die versoek om ’n stuk grond waarop hulle onder beskerming van die Boere kon woon. Pretorius het dit voorlopig toegestaan, ook is toestemming verleen dat Matowan met sy manskappe as bondgenote van die Boere teen Dingaen optrek.⁷

Op 21 Januarie vertrek die kommando van die Tugela, na dit tot 350 manskappe aangegroei het. Na „enige uren”, berig Zietsman, het hulle laer getrek „aan de Doornleegte, naby de Kliprivier.”⁸ Waar die „Doornleegte” is, is ’n vraag waaroor die menings uiteenloop. Delegorgue vertel dat hulle die 21ste die Kliprivier oorgetrek het. „Le camp fut levé le 24, et les wagons, tous à la file, traversèrent bientôt après Klip-Rivier, rivière pierreuse, détestable par les roches qui l’encombrent.”⁹ Daar kan

2. Delegorgue, 202-207.

3. Zietsman, Natal I, 324.

4. Delegorgue, 207.

5. Bantjes, Natal I, 274.

6. Natal I, 325, 329.

7. Zietsman, Natal I, 325.

8. *Ibid.*

9. Delegorgue, 207.

dus aangeneem word dat die laerplek ten noorde van die Kliprivier was. Dit kan wel aangevoer word dat dit in die onmiddellike nabyheid van die huidige dorp Ladysmith was. Of hulle laer op dieselfde plek gestaan het as die Wenkommando in 1838 is nie uit te maak nie. Die joernaal van Bantjes meld dat die Wenkommando binne 'n kwartier na hulle Kliprivier deur is, gekom het in 'n streek „bekleed met zoete gras, welke jeugdig groen staat, en bond begroeid is met doornboomen” en dat hulle toe „nog een eindweegs verder” gekampeer het.¹⁰ Aangesien volgens sommige die gelofte in 1938 hier afgelê is, het hierdie laerplek aanleiding gegee tot heelwat ondersoek. Volgens die bevinding van prof. C. J. Uys sou dit „2½ myl regs van Pepworthstasie” gewees het,¹¹ d.w.s. die ou Pepworthstasie. Die huidige stasie is op 'n ander plek na verlegging van die spoorweg. Hier is egter geen doringbome nie. 'n Ander plek wat aangewys is en waar in 1838 'n gedenkteken opgerig is, is nader aan Ladysmith, naby 'n randjie en tussen doringbome geleë. Is dit miskien moontlik dat laasgenoemde die plek is waar die Beeskommando gekampeer het terwyl die Wenkommando wel teenoor Pepworthstasie gestaan het? Veral uit die stuk van Delegorgue blyk dit dat daar 'n sorgelose vakansiestemming in die Beeskommando geheers het en kan mens dus verwag dat hulle sonder vrees in die „doornleegte” gekampeer het terwyl die gespanne Wenkommando oop veld verkies het. Delegorgue meld dat hulle in 'n mooi vlakte oortrek met doringbome kampeer het: „nous primes position dans une belle plaine parsemée de mimosas.”¹² Volgens mnr. D. J. Pretorius, afkomstig van informasie wat sy neefs, mnr. M. J. Pretorius, en majoor A. L. Pretorius van hulle grootvader A. L. Pretorius ontvang het (laasgenoemde het die kommando vergesel), is Doornleegte wat vandag as Bulwana bekend is op die pad van Ladysmith na Helpmekeer (ook op pad na Pieterstasie), net noord van Bulwana-kop. As mens in aanmerking neem dat die kommando haastig was en moontlik die reguitste pad gekies het dan lyk laasgenoemde uitleg aanneemlik.

Waar die twee onderskeie kommando's die Kliprivier deurgetrek het, is ook nie heeltal seker nie. Volgens prof. Uys het die Wenkommando „sowat vier myl suid van Ladysmith oor die Kliprivier gegaan.”¹³ Volgens plaaslike oorleweringe is die kommando deur „Carbineersdrif” — 'n naam wat moontlik uit die Driejarige Oorlog dateer — deur ons aangewys in Oktober 1956 deur mev. C. Lombaard van Ladysmith. Hierdie drif is omtrent 'n halfmyl stroomop van waar die brug van die nasionale pad oor die rivier strek. Ook hier is geen sekerheid nie. Alleen lyk dit onwaarskynlik dat die Beeskommando „sowat vier myl suid van Ladysmith” deur die rivier sou gegaan het as dit daarna by die plek waar die gedenkteken tans staan, sou kampeer het, want dan moes hulle weer sowat vier myl teruggekom het.

Aan die ander kant, as Doornleegte inderdaad die Bulwana-gebied

10. Bantjes, Natal I, 275.

11. *Historia*, 8ste jrg. nr. I, 11.

12. Delegorgue, 211.

13. *Historia*, 8ste jrg. nr. I, 11.

is, dan moes hulle „sowat vier myl suid van Ladysmith” oor die Kliprivier getrek het, en dan het hierdie gegewens van prof. Uys betrekking op die Beeskommando en nie die Wenkommando nie. Die moontlikheid dat albei met dieselfde drif deur is, is natuurlik nie uitgesluit nie. Ons segsman, mnr. D. J. Pretorius, verklaar positief dat die Beeskommando „omtrent vier myl onderkant die huidige brug van die nasionale pad na Durban, net onderkant die kerkhof van Ladysmith” deur die rivier is. Volgens hom is dit moontlik dat die Wenkommando by bogenoemde Carbineersdrif deur die rivier is.

Hier op die kampeerplek in die „Doornleegte” het die kommando die volgende dag, 22 Jan., oorgebly. Die 21ste het hulle besoek gekry van twee seuns van opperhoof Jobe wat oor ’n Zoeloestammetjie regeer het naby die samevloeiing van die Zondags- en Wasbankrivier waar Jobeskop vandag nog sy naam dra. Die twee seuns het die bondgenootskap van hulle vader aangebied, wat deur die krygsraad aanvaar is en waarop Jobe aangesê is om sy krygsmag, 400 man sterk, by die van Matowan van 250 man aan te sluit en hulle te gaan verenig met die krygsmag van Mpande wat die vyand uit die noordooste sou aanval.¹⁴ Die volgende dag het Matowan met sy manskappe, 254 in getal, in volle krygsdrag opgedaag en hulle oorlogsdans uitgevoer. Beide Zietsman en Delegorgue, veral laasgenoemde, gee uitvoerige beskrywings van hierdie gebeurtenis.¹⁵ Dit het die naam Danskraal ten gevolge wat later aan ’n plaas in die omgewing gegee is. Nou is dit opvallend dat nie een van die Voortrekkerherinnerings gewag maak van hierdie dansery tydens die trek van die Beeskommando nie. Wel is daar drie wat beweer dat dit tydens die trek van die Wenkommando in 1838 plaasgevind het, nl. J. H. Hattingh,¹⁶ Izak de Jager,¹⁷ en P. J. Coetser¹⁸. Bantjes maak geen gewag van hierdie dansepisode nie en terwyl daar geen twyfel aan die getuieis van Zietsman en Delegorgue kan bestaan nie, is dit onwaarskynlik dat die dansery by twee geleenthede, in 1838 en 1840, op min of meer dieselfde plek sou plaasgevind het, en moet mens aanneem dat aldie bogenoemde Voortrekkers die feite verwar het.¹⁹

Hier by die „Doornleegte” is die lot van die twee afgesante van Dingaan, Tambuza en Combazana, die eerste keer in oënskou geneem. Pretorius het naamlik by Mpande en „al onze bondgenooten” navraag gedoen oor die voormalige gedrag van Tambuza. Almal was eensgesind dat hy Dingaan opgehits het tot die moord op Piet Retief en die laers aan die Bloukranrivier en dat hy die dood skuldig was.²⁰

Beide Zietsman en Delegorgue beweer dat hulle op 23 Januarie hierdie laerplek verlaat het. Die pad het deur mimosas gegaan, beweer Delegorgue, tot hulle enige tyd later („quelque temps apres”) in ’n groot

14. Zietsman, Natal I, 325.

15. Zietsman, Natal I, 326; Delegorgue, 212-213.

16. V.T.M. I, 182.

17. V.T.M. III, 113.

18. V.T.M. IV, 47.

19. Oor Danskraal sien Jansen, *Die Voortrekkers in Natal*, 74.

20. Zietsman, Natal I, 326.

oop vlakke gekom het waar hulle die waens in 'n sirkel getrek het („nous formâmes le cercle de wagons”), d.w.s. 'n laer gevorm het en op 'n afstand van twee tot drie myl 'n berg gesien het waarop verskeie hutte van Matowan geleë was („de la montagne où étaient situés les divers mouzis de Matouana”). Waarskynlik is hier sprake van Matowanskop.²¹

Zietsman se relaas is ietwat duideliker. Volgens hom het hulle 23 Januarie van die „Doornleegte” vertrek en in die namiddag „aan de Modder Leegte, een distantie van omtrent vier Engelsche mylen” aangekom.²² Hierdie „Modderleegte” is kennelik Modderspruit waar die Wenkommando 6-8 Desember 1838 gelaer het. Aan die Modderleegte het dit die aand van die 23ste begin reent: „Le soir, nous eûmes de la pluie pour la première fois depuis notre départ”. Delegorgue gee vervolgens 'n lewendige beskrywing van die hewige donderbui.²³

Volgens Delegorgue was die aarde die 24ste so deurweek dat dit onmoontlik was om die waens te verskuif. Teen die middag het hulle rook sien optrek van Matowan se kop — hy was nl. besig om verskeie hutte te verbrand as teken van die vertrek na die oorlog teen Dingaan.²⁴ Aan die Modderleegte het die Beeskommando tot 27 Januarie vertoef. Op 25 Januarie het nog 50 manskappe aangesluit sodat die kommando toe 400 getel het. Die 26ste, 'n Sondag, is stil deurgebring met 'n goedbygewoonde erediens. Zietsman vertel niks van die reent nie, maar volgens Delegorgue het dit in die dae aanhoudend gereent.

Oor die 27ste verskil Zietsman en Delegorgue. Laasgenoemde vertel dat hulle die dag met groot moeite vanweë die modder vier „lieues” gery het „enfin, le 27, nous fimes 4 lieues avec des peines infinies . . .”²⁵ 4 Lieues is 10-12 myl. Daarna het hulle by die Heuningberg aangekom. Hierdie afstand stem nie met die van Zietsman ooreen nie wat dit as tweekeer so ver aangee. Volgens hom het hulle die 27ste Januarie van die „Modder Leege” vertrek „en arriveerden heden aan de Wasbank (Zondagsrivier) eene distantie van 24 Engelsche mylen.”²⁶ Of die woord Zondagsrivier deur Zietsman self of deur 'n ander persoon, miskien die redakteur van die „Zuid Afrikaan”, in hakies agter Wasbank geplaas is, is nie seker nie. Dit is in elk geval verkeerd. Die Zondags- en die Wasbankriviere is twee verskillende riviere. Zietsman vertel niks van die roete wat die dag afgelê is nie, maar as mens aanneem dat dit dieselfde pad is wat die Wenkommando in Desember 1838 gevolg het, dan kan dit aan die hand van Bantjies en navorsing ter plaatse as volg vasgestel word: Van Modderleegte ten weste van Elandslaagtestasie verby, deur die Zondagsrivier 'n myl of wat bokant die huidige treinbrug oor genoemde rivier, verder deur Wesselsnek, „een zandachtige poort”,²⁷ dan regs die heuwel af tot in 'n vallei en vandaar na die Wasbankrivier (by die treinbrug

21. Delegorgue, 215.

22. Zietsman, Natal I, 326.

23. Delegorgue, 218.

24. *Ibid.*

25. Delegorgue, 215.

26. Zietsman, Natal I, 327.

27. Bantjies, Natal I, 277.

oor die rivier waar 'n plat klipplaat, die „wasbank” is.)

By Wasbank het Pretorius drie berigte ontvang, een van die leër van Mpande (onder bevel van Nongalaza) dat hulle om Dingaan se mag getrek het maar dat die Zoeloekoning sy stat verlaat het en voortvluggend is en dat hy sy leër teen hulle uitgestuur het; die tweede van opperhoof Jobe dat hy 100 osse van Dingaan vir die Boere in besit geneem het wat Dingaan as skadevergoeding na Pietermaritzburg gestuur het maar wat die wagers uit vrees vir die kommando nie verder as by Jobe gebring het nie; die derde van Motowan dat sy mag tot by Bloedriver getrek het en verder noordooswaarts sou trek in 'n poging om Dingaan se eventuele vlug in dié rigting af te sny. Dit het Pretorius laat besef dat die tyd kort word. Hy stuur Nongalaza die raad om 'n botsing met Dingaan te vermy sover moontlik, tot die kommando nader gekom het, en verder besluit hy om so vinnig moontlik verder te trek om „over vier dagen in de hoofstand van Dingaan te kampeeren, zynde eene distantie van 120 mylen van hier”.²⁸

Die volgende dag, 28 Januarie, is behalwe vir patrollies wat in verskillende rigtings uitgestuur is, nog 100 man aangesê om die pad „over den Honingberg (Biggarsberg) te maken” en teen agtuur het die sestig waens die oortog oor die berg begin. Weer moet ons aanneem dat hulle dieselfde pad gevolg het as wat die Wenkommando die berg uit is. Hierdie roete gaan net wes van die huidige pad die berg op, oor die plaas Biggarsgat. Hierdie pad, wat nog jare later in gebruik was, is in 1956 deur mnr. De Jager, eienaar van die plaas Biggarsgat, aan die geselskap uitgewys. Teen eenuur was al die waens bo-op die berg. Na hulle omtrent vir 'n uur lank uitgespan het, is die reis voortgesit „naar de Zandrivier”. „Voordat wij aan de Zandrivier kwamen, doorkruisden wij den Koolspruit, een fraaie rivier” — aldus Zietsman.²⁹

Delegorgue vertel dat hulle die dag verder getrek het met die berge aan hulle regterhand. Die weg was lank en moeilik („longue et pénible”). Hy vertel ook dat hy 5 of 6 myl voor Sandspruit 'n spruit deurgegaan het waar hy 'n twee voet dik laag steenkool op 'n diepte van agt voet opgemerk het. Dit was dan kennelik Steenkoolspruit.³⁰

Van Biggarsberg na Sandspruit het hulle waarskynlik maar weer die pad van die Wenkommando gevolg. Die Steenkoolspruit het hulle net onderkant die teenswoordige Dundee deurgegaan; verder deur Talanek tot by Sandspruit. Die afstand van Wasbank tot Sandspruit is ongeveer 21 myl. Presies waar hulle aan die Sandspruit gelaer het kan nie vasgestel word nie. Volgens die kaart van Uys sou dit in die buurt van Malonjeni gewees het.³¹ Volgens Delegorgue het hulle die Sandspruit oorgetrek en 'n entjie anderkant gekampeer — „Nous traversâmes le même jour Zand-Rivier et fûmes camper à quelque distance au-delà”.³² Hier

28. Zietsman, Natal I, 327.

29. *Ibid.*

30. Delegorgue, 220.

31. *Historia*, 3de jrg. nr. 2, 103.

32. Delegorgue, 220.

dien daar op gelet te word dat beide Zietsman en Delegorgue praat van Sandrivier. Daar is egter geen *Sandrivier* in die buurt nie maar wel 'n *Sandspruit* wat in 'n noordwestelikes rigting vloei en na aansluiting met Steenkoolspruit in die Buffelsrivier uitmond.

Volgens mnr. D. J. Pretorius was die kampeerplek van die Beeskommando aan die Sandspruit by Malonjeni „net onderkant die stasie met die naam”. Hierdie informasie het hy gekry van sy stiefmoeder, mev. Sofie Pretorius, gebore Potgieter (niggie van dr. E. Jansen), wat dit van haar vader verneem het.

Hier het die Beeskommando, na dit voorkom, afgewyk van die roete van die Wenkommando, as 'n mens ten minste die beskrywing van Bantjes volg insake die roete van laasgenoemde. Volgens Bantjes lyk dit nie asof die Wenkommando by Sandspruit gelaer het nie maar wel kort na hulle die Biggarsberg uitgekom het: „. . . het was teen de avond, eer wij dezelve (die berg) over waren”. En verder: „Een eindweegs van den moeielyken berg zynde, kwamen wy in eene groote vallei, welke zich zeer fraai vertoont . . . Hier legerden wij”.³³ Die „groote vallei” was na dit vir my voorkom waarskynlik die vallei van die Steenskoolspruit naby die huidige Dundee.

Die volgende dag, die 11de Desember, meld Bantjes, het hulle hulle reis vervolg tot hulle na aanleiding van 'n berig dat 'n Zoeloe-impie gewaar is, inderhaas laer getrek het „aan de overzyde van de Omsigatie (omgezet zynde Buffelrivier)”. 'n Mens kan moeilik aanneem dat hierdie kommando die Buffelsrivier op dieselfde plek deur is as die Beeskommando later, want die 13e het hulle nog 'n end met die rivier afgetrek: „Den 13 December vertrokken wy, slecht weder hebbende, een eindweegs langs de rivier af, welke ten oosten loop, om nader aan het hout te komen.” Waar die hout was en waar hulle die nag kampeer het is moeilik om tans vas te stel. Hulle het in elk geval die 14e daar oorgebly terwyl patrollies in verskillende rigtings uitgestuur is. Die 15e „vertrokken wy verder, tot aan een spruit, alwaar wy kampeerden” terwyl hulle later die dag „juist aan een andere spruit gelegerd waren”³⁴ — d.w.s. Bloedrivier of die sloot by Bloedrivier. Uit hierdie beskrywing moet mens dus aflei dat die Wenkommando hoër op, waarskynlik in die buurt van die huidige Landmansdrif deur die Buffelsrivier getrek, toe 'n „eindweegs” (hoe ver is dit?) met die rivier af, 'n twee dae later nog 'n endjie tot by 'n spruit en vandaar oor die nek by Vegkop oor na „een andere spruit”. Die eerste „spruit” is waarskynlik een van die lope wat van Doringberg in die Buffelsrivier loop en waaroor hulle moes getrek het en die tweede Bloedrivier. Volgens mnr. D. J. Pretorius wat ek oor die Wenkommando uitgevra het (op 12-7-64) is hierdie kommando inderdaad by Landmansdrif deur die Buffelsrivier. Hulle is toe met die rivier af om hout te kry op die huidige plaas Rietvlei waar daar vandag nog doringbome groei. Hierdie plaas het behoort aan Hans de Lange, 'n

33. Bantjes, Natal I, 278.

34. Bantjes, Natal I, 279.

kleinkind van die Voortrekker Hans (Dons) de Lange, van wie hy die informasie gekry het.

Maar om terug te keer tot die Beeskommando. Hulle het hier 'n reguiter pad as die Wenkommando gevolg. Zietsman skryf op 29 Januarie: „Wy vertrokken heden van de Zandrivier, en arriveerden omstreeks 11 uren aan de Umsijatie, ofte Buffelsrivier, die zeer hoog gerezen was”.³⁵ Delegorgue meld ook sonder meer: „We passed the Buffalo River, the steep banks of which presented great difficulties”.³⁶ Die afstand wat hulle die oggend tot elfuur afgelê het kon dus nie groot gewees het nie. In werklikheid is die afstand van Malonjeni tot Kommandodrif slegs sewe myl.

Daar is m.i. geen twyfel dat die Beeskommando by Kommandodrif deur is nie, hoewel nog Zietsman nog Delegorgue die naam noem — waarskynlik om die eenvoudige rede dat die drif toe nog nie die naam gehad het nie en eers later juis vanweë die deurtog van die Beeskommando aldaar die naam gekry het. Van die Voortrekkerherinneringe vertel alleen Izak de Jager waar die Wenkommando deur Buffelsrivier is, nl. Kommandodrif.³⁷ Wat betref die Beeskommando, maak niemand melding van die drif waar dit die Buffelsrivier deur is nie. Dit lyk my baie moontlik dat De Jager ook hier die twee kommando's met mekaar verwar het.

Kommandodrif word vandag nie meer gebruik nie. Dit is regoor die nek na Bloedrivier op die plaas Vechtkop waar 'n lopies, die Bazangomo van die Doringberg se kant in die rivier val. Die plek is in 1956 aangewys deur mnr. Lodewyk Spies van Koppie-Alleen. Hy het dit egter aangewys as die drif waar die Wenkommando deur is. Ook sy broer, mnr. A. T. Spies, was die mening toegedaan. Dit is moontlik dat beide van hulle die twee kommando's met mekaar verwar het. Die walle is inderdaad nog steeds steil, hoewel daar op die bedding 'n klipplaat is.

Aangesien die rivier vol was, het die deurtog met baie moeilikhede gepaard gegaan. „Doch de Hoofd Kommandant, met volle geesdrift vervuld zynde, wilde geen oogenblik verzuimen om deze rivier ofschoon vol, door te gaan, omdat wij alreeds berigten hadden ontvangen, dat Dingaen met zijn geheele aanhang en vee, aan het vlugten was. Wy trokken dan, met de grootste moeijelykheden en gevaren kampende, de rivier met onze lang tryn wagens over half leer water door . . .”, aldus Zietsman.³⁸ Delegorgue gee meer besonderhede: „Several wagons were overturned, some were broken; but all, nevertheless, reached the sides of a mountain, near which we stationed ourselves.”³⁹ Hierdie berg is waarskynlik Vegkop.

Na hulle 'n uur uitgespan het, blykbaar om die osse te laat rus na die deurtog, „vervolgenden (wij) onze weg, tot dat wij te 7 uren aan de Bloedrivier aankwamen, zynde de plaats, alwaar ons leger op Zondag, den 16 December 1838, de geheele Zoola armee, by hunnen gedetermineerden aanval, heeft verslagen”, aldus Zietsman.⁴⁰ Van Kom-

35. Zietsman, Natal I, 328.

36. Delegorgue, Bird, 566.

37. V.T.M. III, 114.

38. Zietsman, Natal I, 328.

39. Delegorgue, Bird, 566.

40. Zietsman, Natal I, 328.

mandodrif na Bloedrivier is slegs vier myl. Hulle kon dus maklik laat die middag nog die afstand afgelê het. Delegorgue vertel ook dat hulle op die terrein van die Sondagslag („bataille du dimanche”) oornag het en dat hulle daar nog verbleikte mensebeendere gevind het.⁴¹

Van hier het hulle afgewyk van die roete van die Wenkommando. Zietsman skryf dan ook onder datum 30 Januarie: „Thans marcheerden wy, als het ware, door eene woestyn; — wy hadden geen enen weg . . .”⁴² Met deze kommando gingen wy eenen weg, 10 a 20 mylen hooger”,⁴³ d.w.s. in ’n min of meer direk oostelike rigting waar die Wenkommando indertyd suidoos in die rigting van Dingaanstat getrek het. Teen vyfuur het daar ook twee boodskappers van die leër van Mpande aangekom met die berig dat hulle van gevange spioene verneem het dat Dingaan van voorneme was om na Mozelikatze te vlug, d.w.s. in noordwestelike rigting, maar dat hy hom voorlopig verskuil hou.

Volgens mnr. D. J. Pretorius het hulle van Bloedrivier oor Kwa Matambo, verby Bembaskop, oor die huidige Mondlo-lokasie, onder Bomvu deur tot aan die Umvunyanarivier op die huidige plaas Metzelfontein getrek. Daar het hulle op die regteroewer van die rivier kampeer. Hierdie inligting het sy neef, maj. A. J. Pretorius, van hulle gesamentlike oupa A. L. Pretorius snr. verneem, wat die kommando vergesel het.

Geen een van die twee joernaalskrywers gee enige aanduiding tot waar die kommando die dag van die 30ste getrek het nie. Zietsman skryf egter: „Wy syn nu (aan die einde van die dag) een groote schoft van de Zoola hoofstad” — d.w.s. ’n goeie dagreis. Aangesien op hierdie laerplek die volgende dag die verhoor en teregstelling van Tambuza en Combazana plaasgevind het, sou mens verwag dat die plek nader omskryf sou word. Al wat van Zietsman kan afgelei word, is dat dit by ’n rivier moes gewees het: „Zy (d.w.s. die veroordeeldes) werden eenige uren daarna (na die verhoor) door een wacht burgers naar een nabygelegen rivier gebracht, en ondergingen manmoedig hunne welverdiende straf.”⁴⁴ Izak de Jager beweer: „Hulle is gefusileer onder bevel van kommandant A. T. Spies deur H. van Coller en Hans ter Blanche, aan ’n spruit genaamd Oemwoenjana.”⁴⁵ Volgens Jansen was dit „waarskynlik aan die Umvunyanarivier”. Mnr. D. Pretorius van Vryheid het bevestig dat, volgens sy grootvader, dit aan genoemde rivier gebeur het en wel op die plaas Metzelfontein.

As die Umvunyanarivier die kampeerplek van die nag van 30-31 Jan. was, dan het die kommando die dag vanaf Bloedrivier nie ver getrek nie, slegs sowat 12 myl en dit oor betreklik maklike terrein.

Na afloop van die teregstelling het Pretorius berig van Nongalaza,

41. Delegorgue, 220.

42. Beide Zietsman en Delegorgue deel mee dat van hier af ook patrollies vooruit gestuur is om die terrein te verken. Laasgenoemde skryf: *Ces lieux n'offraient partout à l'oeil qu'un désert; jamais chariots ne les avaient sillonnés, et pour reconnaître la route la plus facile à suivre, des patrouilles furent envoyées à la découverte*”. (22).

43. Zietsman, Natal I, 328.

44. *Ibid.*

45. V.T.M. III, 117.

kaptein in bevel van Mpanda se leër, ontvang dat hy byna Dingaan se mag agtergehaal het. (In werklikheid het op dieselfde dag, 30 Januarie, die beslissende slag by die Maqonqo-koppe tussen die leërs van Dingaan en Mpanda plaasgevind). Die berig het Pretorius egter laat besluit om dieselfde dag verder te reis.

Delegorgue meld: „On the same day we passed the White Umfolozi not far from which the capital of Dingaan had been built”.⁴⁶ Zietsman maak gladnie melding van die Witfolosirivier nie. Hy skryf slegs: „Wy vervolgende onze reis dezen dag door de onbekende woestynen, en legerden ons om 6 uren, voor eenige dubbele bergen, welke wy niet in staat zullen zyn, zonder groote moeite, te kunnen doorkruisen.”⁴⁷

Die vraag is nou waar die kommando die Witfolozi deur getrek het. Die bewering van Delegorgue dat dit nie ver van die stat van Dingaan was nie „à une certaine distance dans l'est du point où nous la traversâmes” is vir ons doel niks werd nie. Jansen beweer: „Dieselfde dag nog het die kommando naby Nyanyeni (Spitskop) oor die Wit-Umvolosi getrek en gelaer naby die teenswoordige Gluckstadt”,⁴⁸ maar hy sê nie waar hy sy gegewens vandaan haal nie. Dit stem egter ooreen met 'n roete wat mnr. A. Pretorius van Vryheid, nou oorlede, in 1956 op 'n kaart aan mnr. F. A. Steytler aangedui het. Volgens mnr. D. Pretorius, ons segsman in April 1962 en Julie 1964, is die kommando by die teenswoordige Lenjanesdrif, 'n myl of wat noordoos van Gluckstadt deur die Witfolozi. Die gegewens verskil hier nie veel van mekaar nie en 'n mens kan dus sê dat die kommando by of in die buurt van die huidige Lejanesdrif naby die huidige Gluckstadt deur die rivier is.

Van hier af is die beskrywing van Zietsman (en ook Delegorgue) baie onduidelik wat die terrein betref. Soos hierbo aangehaal skryf Zietsman onder datum 31 Januarie 1940: “(E)n legerden ons om 6 uren, voor enige dubbelde bergen”. Die eintlike „Dubbele-berge” is die bergreeks ten ooste van die Swartfolozi-rivier wat bestaan uit die reekse Ntabankulu, Nyatisberg, Ngwibi en Ceza. Dit is onwaarskynlik dat hulle die dag sover as die Swartfolozi getrek het. Die berg Ntabankulu wat tussen die Wit- en die Swartfolozi geleë is, kan egter as deel van die Dubbelberge beskou word, hoewel dit eintlik los daarvan is — en dit is waarskynlik soos Zietsman die berg bedoel het. Mens moet dus aanneem dat hulle laer getrek het op 31 Jan. kort na hulle die Witfolozi deur is en wel naby Gluckstadt teenoor Ntabankuluberg. Uit Delegorgue kan mens ook aflei dat hulle naby die Witfolozi gelaer was. Daar was immers sprake van om direk die volgende dag verder te trek — gevolglik was hulle nognie by die vaste bergreeks nie. Dit is ook die afleiding van Jansen: „Dieselfde dag, 31 Jan.) nog het die kommando naby Nyanyeni (Spitskop) oor die Wit-Umfolosi getrek en gelaer naby die teenswoordige Gluckstadt”. Delegorgue vertel dat hulle in 'n mooi vallei gekampeer het waar 'n

46. Delegorgue, Bird, 571.

47. Zietsman, Natal I, 329.

48. Jansen, 94.

donderbui hulle die nag oorval het — „Nous campânes dans une jolie vallée où un fort orage nous assaillit durant toute la nuit.”⁴⁹

Op 1 Februarie het Pretorius eers verskeie patrollies uitgestuur om 'n pad deur die Dubbelberge te soek. 'n Uur later kom 'n boodskapper van Nongalaza in die laer aan met berig oor die slag by die Maqonqokoppe. Hiervolgens was Nongalaza „eergisteren”, d.w.s. 30 Jan., slaags met drie regimente van Dingaan waarvan twee „tot den laaste man” omgebring is terwyl 'n gedeelte van die derde regiment die bosse ingevlug het en 'n gedeelte na Mpande oorgeloop het — ook dat hulle soveel beeste gebuit het dat hulle dit „kwalik kunnen hoeden”. Verder lui die berig dat Dingaan nog slegs twee regimente oor gehad het, „zynde zyn lyfgarde, met welke hy langs de Pongalarivier, 200 mylen ten Noorden van zyne hoofstad, was opgevlugt” maar dat Nongalaza hom agternasit om hom indien moontlik te vang.⁵⁰

Na aanleiding hiervan word besluit om “over-morgen”, d.w.s. Maandag, 3 Februarie, „ons leger op eene gelegene plaats vast in elkander” te trek en Dingaan met 'n perdekommando van 250 man onder leiding van Pretorius self te agtervolg. Hierna het een van die patrollies teruggekeer met die berig dat hulle met moeite die berge sou kon deurkom, waarop hulle dadelik die laer begin opbreek het om die reis voort te sit. Maar nouliks was hulle hiermee besig of daar kom berig van 'n tweede patrollie dat groot troppe beeste ten noorde van die laer verby trek. Dadelik laat Pretorius „het leger weder vast in elkander stoten” en stuur kommandant Lombaard met 200 man uit om te gaan ondersoek instel. Hy vind egter dat dit volk was van hulle bondgenote Jobe en Matowan wat die beeste van Dingaan gebuit het en nou op soek was na die laer. Hiervan het 600 beeste die aand by die laer aangekom terwyl 2 400 die volgende dag sou opdaag. Ten spyte van die geruststellende berig het hulle die dag tog daar gebly. Pretorius het egter vir Christiaan Muller en Isaac Abraham van Niekerk met 'n tolk na die leër van Mpande gestuur om presies uit te vind wat gebeur het.

Die volgende dag, 2 Februarie, was Sondag; die laer het daar gebly en die gebruikelike diens gehou; die Opperwese is gedank vir die oorwinning. Die middag keer Muller en Van Niekerk terug. Hulle bevestig Nongalaza se berigte. Dit lyk inderdaad of twee regimente van Dingaan uitgewis is, „maar dat er ook een groot gedeelte van het volk van Mpande is gesneuveld en gewond”. Verder berig hulle „dat Nonklaas de armee van Dingaan (zynde volgens schatting 3 a 4,000 man sterk) op morgen naar ons leger zoude dryven, om ons in de gelegenheid te stellen, hen weder de krachten onzer wapenen te doen voelen.” Daarop het die hoofkommandant 220 man laat klaarmaak om die volgende dag die vyand aan te val.⁵¹

Die volgende dag, 3 Februarie, het die laer na dit voorkom op dieselfde plek bly staan. D. P. Bezuidenhout beweer: „Onze wagen-lager

49. Delegorgue, 231.

50. Zietsman, Natal I, 330.

51. *Ibid.*

bleef aan de overkant van Wit-Oemviloos, en 't paarde kommando ging door, en dreef Dingaan door de Pongolo".⁵² Dit is egter moontlik dat hy die Witfolozi met die Swartfolozi verwar.

Delegorgue is nie saam met die perdekommando nie. Hy was siek. „Ma condition de malade me forçait à rester.” Tog het hy probeer om 'n perd in die hande te kry, maar niemand wou een aan hom afstaan nie.⁵³ Hierna gee Delegorgue 'n verslag van die lotgevalle van die perdekommando soos hy dit waarskynlik uit die verslag van Zietsman gekry het. Zietsman is kennelik saam met die kommando. Volgens Pretorius het Pretorius met 220 man uitgetrek. Volgens Delegorgue het Pretorius bevel gegee dat elkeen wat 'n perd besit het om sewe-uur bereid moes gewees het om uit te trek en dat daar ten slotte 210 man uitgetrek het. Toe hulle „omtrent een uur ten Noord Oosten” van die laer was — dit moes dus reeds by die berge ten ooste van die Swartfolozi gewees het — toe berig 'n spioen „dat de vyand op de eerste bank, van de voor ons liggende berg was” maar dat hulle gevlug het. Die berg vorm daar inderdaad twee trappe en die „eerste bank” was dus op die eerste plato. Pretorius het dadelik kommandant Lombaard met „25 ligte mannen” vooruit gestuur terwyl die res van die kommando onverwyld gevolg het. Die vyand het egter in „een akelige spelonk”, d.w.s. 'n diep kloof, gevlug en swaar mistige weer het die omgewing bedek. Dit was volgens Gibson „at the source of the Isikwebesi Stream”.⁵⁴ Hulle kon die Zoeloes wel hoor maar nie sien nie. Die Zoeloes het daarop uitmekaar „gesprei” en het in minstens 60 verskillende klompe ook by die mag van Nongalaza verby gevlug. Die kommando het dieselfde dag na die laer teruggekeer met die voorneme om „overmorgen” d.w.s. twee dae later na die Pongola op te ruk „en alles aantewenden, dat in ons vermoogen is, om Dingaan in handen te krygen, om daardoor een einde aan den oorlog te kunnen maken.”⁵⁵

Op 4 Februarie is daar blykbaar nie uitgetrek nie. Pretorius het 'n klag verhoor teen 'n sekere Lingenfelder wat die vorige dag wyn verkoop het en 'n mate van dronkenskap in die laer veroorsaak het. Origens het hy die dag 250 man opgekommandeer „ten einde op morgen naar de Pongola voortterukken, en Dingaan te vervolgen.” Ook het Pretorius op die dag „zyn 3de officieele rapport” aan landdros J. P. Zietsman van Pietermaritzburg gestuur om aan die Volksraad voor te lê. Genoemde rapport kan ongelukkig nie teruggevind word nie.⁵⁶

Die laer het blykbaar nog altyd op dieselfde plek naby die Witfolozi gestaan. Delegorgue meld egter op 4 Februarie dat die koers in noord-oostelike rigting voortgesit is; „Le 4, on continua de suivre la direction du nord-est. Cette journée ne fut signalée par aucun événement.”⁵⁷ Dis nie duidelik of dit die laer was wat in die rigting getrek het nie en of

52. V.T.M. III, 163.

53. Delegorgue, 234.

54. Gibson, 84.

55. Zietsman, Natal I, 331

56. *Ibid.*

57. Delegorgue, 236.

hy die perdekommando bedoel het nie. Zietsman praat ook wel van 'n noordoostelike rigting — maar eers op 5 Februarie.

Op 5 Februarie skryf Zietsman (en Delegorgue gee voortaan feitlik dieselfde relaas) dat hulle met 250 man uitgetrek het (Zietsman self het die kommando blykbaar vergesel) in 'n noordoostelike rigting van die laer af. Hulle het die hele dag deur getrek, „verskeide berg, spelonken en kloven over en door”. Hulle het ook „ten minste honderd loopende waterstromen” deurkruis maar niks van die vyand ontdek nie. Teen agtuur het hulle onder 'n berg stilgehou om te oornag maar met opgesaalde perde in 'n kring aan mekaar vasgemaak. Dubbele wagte is uitgesit. Hier het dit teen tienuur hewig begin reent sodat hulle „tot op onze huiden” nat geword het. Waar hierdie plek van oornagting geleë is, kan uit geen bron vasgestel word nie. Trouens die hele vyfdaagse tog met die perdekommando is nie op 'n kaart aan te wys nie.

Met die opgaan van die son, op 6 Februarie, is eers in 'n direk noordelike rigting gery, blykbaar net vir enkele ure want daarna het hulle weer ooswaarts gedraai en teen omtrent nege-uur afgesaal om te eet. Na hulle hier omtrent twee uur vertoef het en juis weer aan opsaal was, ontvang hulle berig van Nongalaza „dat een party Zoolas, zich in eenen zekeren Klipkop hadden verschuilt.” Die hoofkommandant het hom dadelik deur die volk van Mpande daarheen laat lei. Toe die Zoeloes wat in die „krans” van die kop verskuil was op uitnodiging nie wou uitkom nie, het kommandant Lombaard met 25 man die kranse en klipskeure ingekruip en begin skiet. Hierop het twee Zoelomans, 'n gevange „knopneus-kaffer” en „50 meiden en kinderen” te voorskyn gekom.⁵⁸

Volgens plaaslike oorlewering, soos ook oorvertel deur mnr. D. J. Pretorius wat in die buurt opgegroe het, is hierdie kop op die plaas Nooitgedacht, direk oos van die pad wat van die Swartfolozi teen Steilrand uitloop. Dit lyk egter onwaarskynlik as die joernaal van Zietsman gevolg word — want hiervolgens moes die kommando toe ver ten noordooste van hierdie punt gewees het.

Na dié episode by die kop het die kommando teen eenuur verder getrek, maar weens die aanhoudende reent reeds teen drie-uur afgesaal by 'n verlate Zoelokraal waar hulle met grasmatte, wat hulle daar gevind het, skerms gemaak het om daarmee min of meer die reent uit te hou.

Die volgende dag, 7 Februarie 1840, het hulle weens die aanhoudende reent in die verlate Zoelokraal oorgebly. Hulle het daar baie mielies gekry wat hulle onder die skerms gebraai het. Teen die middag het Nongalaza met boodskappers van twee onderkapteins van Dingaan daar aangekom, nl. Quoana en Mapita, wat van Dingaan afvallig geword het en nou hulle bondgenootskap aan Pretorius aanbied. Dit is voorwaardelik aangeneem.

Op 8 Februarie trek hulle voort na die Pongola „en arriveerden te 9 uren op den rand, of perpendiculaire rots van gemelde rivier, en konden

58. Zietsman, Natal I, 332.

van hier de geheele rivier met den verrekyker zien.”⁵⁹ Zietsman gee geen nader aanduiding van die plek waar hulle die Pongola bereik het nie. Jansen se aanduiding is ook maar vaag: „. . . op die ruwe rante van die Pongola . . . êrens tussen Magut en die plek waar die uitkeerdam vandag is”.⁶⁰ Volgens mnr. D. J. Pretorius van sy vader en grootvader verneem het, sou dit op die huidige plaas Leeupoort naby Golel gewees het.

Zietsman vertel dat die landskap tot daar „zoo ongelegen en hobbelig” was dat hulle geen kans gesien het om die waens tot daar te bring nie, hoewel die terrein aan die oorkant heeltetal plat is vir tenminste twaalf myl. Hulle het toe nog niks van Dingaan gemerk nie. Volgens berigte het hy die land noord van die Pongola ingevlug met ongeveer 100 manskappe. Pretorius was bereid om die tog noord van die rivier voort te sit, maar daar het alreeds tien perde binne twee dae aan perdesiekte gevrek en aangesien hulle vermoed het dat die laagliggende gebied oorkant die rivier nog ongesonder vir die perde sou wees, het Pretorius besluit om om te draai en Nongalaza agter te laat om hom te laat weet as hy iets van die lot van Dingaan verneem. „Wy kunnen nu stellig rekenen, dat het Koningryk van Dingaan geheel verstrooid is; hy is niet alleen van zyn stad gevlucht, maar zelfs over zyne grenzen, in het land van anderen natien, die hem als een oude verrottende vyand, gelyk de kat de aankomst van eenen muis, verblydend inwachten”, aldus Zietsman.⁶¹

Teen twaalfuur keer hulle dan terug na hulle laer, met 10 000 beeste, en na ’n vermoeiende tog „legerden wy ons aan ene sterke rivier”. Hierdie rivier was waarskynlik die Mkuzi, die enigste rivier van betekenis tussen die Pongola en die Swartfolozi.

Hoewel die volgende dag, 5 Februarie, weer ’n Sondag was, het hulle tog die reis voortgesit. Verskeie van hulle was siek van die daelike natreën. Teen die aand arriveer hulle „aan den zwarte Umfiloos, in ons grote leger”.⁶² Delegorgue skryf net: “Le 9 ou soir, le camp fut rejoint”.⁶³

Hoewel daar niks van vertel word deur Zietsman of Delegorgue nie, moet mens aanneem dat die laer tydens die afwesigheid van die perdekommando verskuif is van die laerplek naby die teenswoordige Gluckstadt na die Swartfolozi. Volgens mededelings van mnr. D. J. Pretorius en aanwysings wat majoor A. L. Pretorius in 1956 aan mnr. F. A. Steytler verstrek het, het die waens langs die suidelike voet van Ntabankulu oor die huidige plaas Bevenzon getrek na die Swartfolozi op die huidige plaas Wagendrift. Die drif waardeur hulle die rivier deurgetrek het, is jare later nog gebruik; vandaar die naam van die plaas. Die ou drif word ’n halfmyl of wat stroomopwaarts van die huidige plaaswoning (intertyd die huis van mnr. Laas) aangewys. Hier is die waens die rivier deur en het toe ’n myl of wat stroomafwaarts op ’n gelykte gelaer op die

59. Zietsman, Natal I, 333.

60. Jansen, 94.

61. Zietsman, Natal I, 334.

62. *Ibid.*

63. Delegorgue, 239.

linkeroewer aan die voet van die sg. Dubbelberge.

Die dag na die terugkeer van die perdekommando, Maandag 10 Februarie 1840, het daar in die laer 'n seremonie plaasgevind waaroor daar heelwat bykomende, hoewel onkontroleerbare, gegewens beskikbaar is. Volgens Zietsman het Pretorius "Panda met zyne Kapiteinen" na hom laat kom en hom vertel dat hy gedurende sy rit met die perdekommando vir vyf dae die geleentheid gehad het om Nongalaza en sy impi's se getrouheid "te kunnen beproeven". En verder: "Volgens al hetgeen ik van de Heidensche volkeren kan vernemen, blykt het my zeer duidelyk dat gy tot het Koningryk der Zoolas geregtigd zyt . . . Ik heb nu verder goedgeacht u in naam van den Volksraad onzer Zuid-Afrikaansche Maatschappy, als Koning of Opperhoofd der Zoolas, aantestellen". Ook neem hy Mpande "als onzen grooten Bondgenoot" aan. Mpande wat „van zyn hoofde tot zyne voeten, met glorieryke blydschap vervuld was", het daarop in 'n stortvloed van woorde sy dank betuig: „Ik dank u, dat ik thans van de beduchte tyrannie, onder welke ik een reeks van jaren, als een verstoteling heb geleefd, door u ben verlost". Hy het vervolgens sy trou en die van sy hele volk belowe. "De expressien van dezen nieuwen Zoola koning, waren inderdaad te omslagtig, om alles te omschryven, doch zyne rede was buiten verwachting verstandig, meer, dan ik ooit van een Heiden heb verwacht". Zietsman bereken dat die mag van hierdie bondgenoot op 10 000 strydkragte te staan gekom het.⁶⁴

Delegorgue gee ongeveer dieselfde relaas van die plegtigheid. Dit is moontlik dat hy nie persoonlik daarby teenwoordig was nie en die gegewens uit die geskrif van Zietsman gekry het. Al kommentaar wat hy lewer, is dat hy die mag van Mpande op 40 000 bereken en nie 10 000 nie.

Nóg Zietsman nóg Delegorgue gee enige besonderhede oor die omstandighede waaronder die seremonie plaasgevind het. Wel gee Voigt aan die hand van 'n verklaring van die Voortrekkerr J. H. Visser⁶⁵ en ook D. P. Bezuidenhout⁶⁶ meer interessante besonderhede. Aangesien by hierdie herinnerings 'n mate van verwarring met nog 'n plegtigheid, 'n paar dae later, nie uitgesluit is nie, is dit beter om sake eers vooruit te loop aan die hand van Zietsman en Delegorgue.

Albei laasgenoemdes vertel dat daar op 11 Februarie twee boodskappers van Nongalaza aangekom het wat namens hom verlot gevra het om sy wagpos op die wal van die Pongola te verlaat aangesien hy niks verder van die lot van Dingaan kon agterkom nie en ook nie meer beeste in die hande kon kry nie. Pretorius het hom verlot hiertoe gegee en besluit om na Pietermaritzburg terug te keer aangesien daar nog daeliks perde aan die perdesiekte gevrek het.

Hulle het ewewel nog 'n dag vertoef, blykbaar om die aankoms van die beeste wat Nongalaza gestuur het, af te wag. Die volgende dag was Pretorius besig met die verhoor van twee sake: 'n sekere Gideon

64. Zietsman, Natal I, 334-335.

65. Voigt, 152.

66. V.T.M. III, 164.

van der Schyff het onder die invloed van drank 'n Hottentot doodgeskiet, en Lingenvelder het weer sonder toestemming drank verkoop. Die 13de Februarie het hulle egter die terugtog begin. „Wy vertrokken van hier, van de zwarte Umfiloos, en na een marsch van 6 mylen, kampeerden wy onder eenen hoogen berg”.⁶⁷ Voigt skryf: „On the 13th February the Emigrant commando left their laager on the Black Umvelosi. The waggons moved in a westerly direction. That night the camp was formed at the foot of a high mountain, some six miles from the startingpoint and midway between the Black and White Umvelosi River”.⁶⁸ Dis egter moeilik om vas te stel hoeveel van hierdie informasie hy van Zietsman en hoeveel hy van sy segsman, J. H. Visser, gekry het. Delegorgue het geen inskrywing vir 13 Februarie gemaak nie en gaan op die 14de gewoon voort asof die laer toe nognie vertrek het nie. Die plek waar hulle die aand van die 13de gelaer het, word straks bespreek.

Die 14de Februarie 1840 het op hierdie plek 'n belangrike plegtigheid plaasgevind. Zietsman vertel dat Pretorius die oggend „onze nationale vlag” laat hys het en toe die „ondervolgend Proclamatie door den Kryg-Secretaris, aan het byeenvergaderd leger” laat voorlees het. Die proklamasie kom daarop neer dat Pretorius bereken dat hulle 'n onkoste aangegaan het van 122 600 riksdalers „voor paarden en wagenhuur, benevens andere onkosten tot den kryg, voor deze en de twee vorige kommandos” en aangesien Dingaan gevlug het en daar niemand anders was van wie hy die som geld kan eis nie, “zoo zy het by deze kennelyk, dat ik tot vergoeding van deze . . . by deze proclameer en vasstel, dat ik in naam van gemelden Volksraad der Zuid Afrikaansche Maatschappy, al het land, van de Togela tot aan de (Umfiloos Umjama) de Zwartrivier, inneem.” Daarop volg 'n ander verduideliking van die grense.

Na die proklamasie gelees is, is 'n saluut van een en twintig kanonskote afgevuur, gevolg deur hoera-geroep „door het gansche leger” en 'n verdere eenparige uitroep van al die manskappe: „Gedantk zy den Groote God! die ons door zyne genade, tot dezen staat van overwinning heeft gebragt.” Mpande, wat ook teenwoordig was, „kon het geweldig gebulder onzer kanonnen niet verduren” en het verlof gevra om hom te verwyder. „Hy liep daarop in volle benaauwdheid met zyne kapiteinen naar zyn leger, en bukte voor ieder kanonschot, uit vrees, ter aarde neder.”⁶⁹ Delegorgue vertel van die proklamasie (waarop hy heelwat kommentaar lewer), maar maak geen melding van die teenwoordigheid van Mpande nie.

Die enigste Voortrekkers, P. J. Coetser en D. P. Bezuidenhout, wat van hierdie gebeurtenis gewag maak, het miskien die gebeurtenis met die plegtigheid van 10 Februarie verwar. Albei vertel dat na die benoeming van Mpande tot koning (waarskynlik die gebeurtenis van 10 Februarie) daar kanonskote afgevuur is, volgens Coetser tien, volgens Bezuidenhout twee en twintig. Laasgenoemde vertel verder: „We hebben

67. Zietsman, Natal I, 336.

68. Voigt, 154.

69. Zietsman, Natal I, 336-337.

de dag, en datum en 't jaartal uitgekapt op twee grote lange klippe. Een daarvan hebben we ingeplant, en een onder de grond begraven op Oemviloosi's wal".⁷⁰ Jansen het die volgende bykomstige informasie: „Dit word vertel dat Pretorius saam met Mpande op 'n rots gestaan het om die Zoeloes toe te spreek en dat 'n bottel met dokumente daarin aan die voet van die rots begrawe is", maar hy meld nie van waar hy die storie haal nie.⁷¹

Voigt gee aan die hand van J. H. Visser ook meer besonderhede oor die gebeure van 10 Februarie: „Ranged round a huge rock boulder — some twenty feet long by fourteen broad — were the indunas and delegates from the different districts of Zululand, and the entire burgher force under their Commandants and Fieldcornets. On the summit of the rock stood Pretorius, with Panda by his side . . .” Daarop volg dan die verhaal soos deur Zietsman beskryf. En dan verder: „Then the two pieces of artillery in the laager fired a salute of twenty-one shots”, verder gevolg deur 'n toespraak van Pretorius wat hy woordeliks aanhaal. Voigt stel dit pertinent dat hy die gegewens ontleen het aan 'n „literal translation from J. H. Visser's oral narrative, Schoonspruit, 26th May 1881”.⁷²

Die vraag is nou of daar wel op 10 Februarie so 'n sametrekking om 'n rots met 'n openbare verklaring van Mpande as koning en 'n saluut van kanonskote plaasgevind het. Die plek waar dit sou plaasgevind het, is egter deur mnr. D. J. Pretorius aan dr. T. S. van Rooyen en myself getoon tydens ons besoek in 1962. Dit is op die plaas Wagendrift op die linkeroewer van die Swartfolozi. Naby die toenmalige laerplek en langs die pad wat deur die rivier na Steilberg loop, ongeveer een myl vanaf die brug, is 'n klein koppie, waar volgens oorlewering Mpande deur Pretorius tot koning van die Zoeloes benoem is. Daar het indertyd 'n paar naturelle hutte teen die koppie gestaan en 'n wilde vyboom op die kruin daarvan. Daar is heelwat wit sandsteen-klippe maar nie een juis van besondere afmetings dat jy kan sê hierdie een het ongetwyfeld as platvorm vir Pretorius en Mpande gedien nie. Van die beweerde inskripsie op 'n klip is niks gevind nie en dit lyk onmoontlik om vas te stel waar na moontlike (en twyfelagtige) begrawe voorwerpe gesoek moet word. Die koppie is weer in 1963 deur ons besoek en aan 'n noukeuriger ondersoek onderwerp.

Hierdie plek is allesins van groot historiese belang en seker 'n gedenkteken woordig. Die vraag is egter of dit absoluut seker as die juiste plek aangeneem kan word. Ons segsman, mnr. D. J. Pretorius, het ons in die meeste gevalle as baie goed ingelig gevind. Hy het in die omgewing opgegroeï en die inligting van sy vader en grootvader gekry. Tog is daar 'n mate van verwarring in die Voortrekkerherinnerings wat verhinder dat alle twyfel uitgeskakel word. Om terug te kom na 14 Februarie: Voigt vertel dan verder, blykbaar aan die hand van Zietsman,

70. V.T.M. III, 164.

71. Jansen, 97.

72. Voigt, 151-152.

van die aflees van die bogenoemde proklamasie op 14 Februarie, by welke geleentheid die kanonne geskiet het. Hy is die enigste persoon wat dat kanonne tweekeer laat skiet het. Die vraag is nou waar laasgenoemde plek is, van ewe groot historiese betekenis as die plek waar Mpande tot koning uitgeroep is. Jansen beweer: „Op 13 Februarie is die laer verskuif na 'n plek ongeveer ses myl daarvandaan. Dit was waarskynlik 'n entjie onderkant die teenswoordige wabrug oor die Swart-Umfolosi, aan die Natalse kant van die rivier.”⁷³ 'n Beswaar wat teen hierdie bewering ingebring kan word is dat hier geen besondere „hoogen berg” (Zietsman) is aan die voet waarvan hulle kon gelaer het nie. Volgens ons segsman, mnr. D. J. Pretorius, moes hulle ses myl hoër op langs die rivier getrek het en daar gelaer het op die teenswoordige plaas Nootgedacht. 'n Beswaar teen hierdie bewering is dat hulle hulle dan teen die berge van die boloop van die Swartfolozi sou vasgetrek het en weer half sou moes terug getrek het om hulle weg na die weste te hervat. Die aanneemlikste is die verhaal van Voigt: „The waggons moved in a westerly direction. That night the camp was formed at the foot of a high mountain, some six miles from the starting-point and midway between the Black and White Umviloosi River.”⁷⁴ Hier is wel 'n hoë berg, nl. die meergenoemde Ntabankulu aan die suidelike voet waarvan hulle kon gelaer het. 'n Beswaar wat teen hierdie voorstelling ingebring kan word, is dat hulle dan nie aan die Swartfolozi gelaer het nie. Maar die betroubaarste bron, Zietsman, meld nie dat hulle die 14e aan die Swartfolozi gelaer was nie. Wel is die proklamasie wat die dag afgelees is gedateer: „Gegeven onder myne Handtekening in myn Kamp, aan de Umfiloos Umjama ofte de Zwartrivier, op Heden, den 14den dag van February, in het jaar onzes Heeren, Een Duizend Acht Honderd en Veertig.”⁷⁵ Dit is egter moontlik dat Pretorius dit so gestel het al was hy reeds ses myl van die rivier verwyder om maar so na as moontlik aan te dui waar die proklamasie uitgevaardig is. Jansen gee geen aanduiding waar hy aan sy informasie kom nie en dit kan nie sonder meer aanvaar word nie. Met die gegewens tot ons beskikking lyk dit my die natuurlikste om aan te neem dat die laer dieselfde pad terug geneem het as met die uitreis en dat die bewuste proklamasie êrens tussen die Swart- en Witfolozi uitgevaardig is in die buurt van die huidige Bevenzon.^{75a}

73. Jansen, 99.

74. Voigt, 154.

75. Zietsman, Natal I, 337.

75(a) Sedert bostaande geskryf is, het dit onder my aandag gekom dat volgens plaaslike oorlewering daar nog 'n ander plek aangewys word as die plek waar Panda tot koning uitgeroep is. Dit is blykbaar laer af met die Swartfolozi. Daar is wel 'n groot plat klip waarop Pretorius en Panda tydens die seremonie sou gestaan het. As hierdie gegewens juis is, dan is dit bes moontlik dat die plek op Wagendrif wat hierbo beskrywe is, die terrein is waar Pretorius die proklamasie voorgelees het en waar die kanonne geskiet het. Dit is dus moontlik dat hier weer 'n verwarring van twee soortgelyke gebeurtenisse of seremonies in die geheue van die betrokke persone plaasgevind het.

In die Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg, is daar twee sg. Panda-klippe, blykbaar afkomstig van een van die twee bogenoemde terreine. Miskien is dit twee klippe waarmee 'n' gedenkteken op die bewuste plek opgerig is. Ongelukkig bevat die rekords van die museum geen verdere besonderhede oor die klippe nie.

Dieselfde dag, die 14e, het hulle blykbaar verder getrek. „Na den afloop van dit alles spanden wy onze wagens weder in, en vervolgden onzen marsch tot aan de witte Umfiloos, bringende met ons, een getal van 31,000 beesten,” aldus Zietsman.⁷⁶ Dit mag seker aangeneem word dat hulle die Witfolozi op dieselfde plek deur is as met die uitreis, d.w.s. by Lenjanesdrif, en dat hulle op hierdie stadium dus in die omgewing gelaer het.

Oor die dag van die 15e Februarie het Zietsman geen inskrywing. Delegorgue vertel dat dit die hele dag gereent het en blykbaar het hulle die dag nie verder getrek nie. — „Le 15, la pluie nous retint tout le jour.”⁷⁷

Die 16e was weer 'n Sondag. Hulle het weer soos gewoonlik godsdiens gehou maar daarna, „door onvermydelyke omstandigheden, waren wy verpligt, dezen nademiddag onzen marsch te vervolgen, en kwamen te 6 uren, aan de Tamboesrivier.”⁷⁸ Die „Tamboesrivier” is waarskynlik die rivier waar Tambusa op die uitreis tereggestel is, d.w.s. die Umvunyana, soos ook deur Delegorgue bevestig word: „. . . Tamboussa-Rivier, sur les bords de laquelle ce chef avait été fusillé.”⁷⁹

Hier het dieselfde aand Matowan, Jobe en Nongalaza aangekom en die volgende is aldrie voor die krygsraad gebring om verantwoording van hulle dade te doen. Oor Nongalaza was die oordeel dat hy hom „als een dapper en eerlyk krygsman, van zyne verantwoording” gekwyt het, maar Jobe en Matowan is daarvan beskuldig dat hulle „eenige duizende” gebuite beeste vir hulle self agtergehou het en dat hulle van die Mantatese vermoor het en sommige van hulle se lippe en neuse afgesny het. Hulle is toe geboeid meegeneem na Pietermaritzburg om daar verhoor te word.⁸⁰ Volgens Delegorgue was dit egter die seuns van Jobe en Matowan, „le fils de Job et Matouana”, waarvan hier sprake is en nie die hoofde self nie.⁸¹

Na die sitting van die krygsraad het die kommando verder getrek op die 17e Februarie. „Wy vertrokken van hier en legerden ons aan de Bloedrivier.” „Le même jour, nous quittâmes Tamboussa-Rivier, . . . et nous allâmes nous établir pour la nuit à Bloed-Rivier.”⁸²

Hier het hulle al verneem dat die Buffelsrivier baie vol was. Zietsman skryf van die 18e Februarie: „Vroegtydig zadelden wy op, en kwamen, na een marsch van twee mylen, voor de Buffelsrivier, die door de menigvuldige regens, byna gelyk met de wallen, in hoogte gerezen was . . . doch wy drongen onze wagens, na onze goederen hoog in die tenten gebonden te hebben, het water in, en na een bloedig gesukkel, van vier volle uren, hadden wy onze wagens, alle tot boven de leerbomen in het water, doorgeflotteerd.”⁸³ Delegorgue gee 'n lewendige beskrywing van

76. Zietsman, Natal I, 337.

77. Delegorgue, 244.

78. Zietsman, Natal I, 337.

79. Delegorgue 247.

80. Zietsman, Natal I, 337

81. Delegorgue, 247.

82. *Ibid.*

83. Zietsman, Natal I, 338.

die deurtog. Volgens hom het ongeveer 60 beeste vedrink.⁸⁴ Na die deurtog het hulle die nag daar aan die Buffelsrivier oorgebly. Dit was ongetwyfeld by Kommandodrif “twee mylen” na Bloedrivier.

Die volgende dag het dit aanhoudend gereent. „Wy moesten den geheelen dag in den regen en koude sukkelen, en kwamen ten 3 uren aan de Koolspruit, geheel afgemat door ontbering aan alles.” Daar het hulle toe oornag.⁸⁵ Ook Delegorgue vertel van die reent en die koue en van „la petite rivière où j'avais trouvé une couche de charbon.”⁸⁶

Die twintigste is die uiters moeilike oortog van die Biggarsberg voltooi. Om 10 uur was hulle bo op die berg, „doch hadden in het afdalen, velen gevaarlyke styltens, en leelyke moddergaten door te worstelen.” Teen sesuur het hulle egter laer opgeslaan aan die Wasbank.⁸⁷ Delegorgue vertel ook van die moeilike oortog oor die berg en die intense koue wat hulle moes verduur.

Die volgende dag, 21 Februarie, het hulle vir die eerste keer in agt dae mooi weer. Hulle vertrek van Wasbank en „aan de Mielietuinsrivier, ontspande wy onze wagens, voor een paar uur.”⁸⁸ Hierdie rivier is ’n sytak van die Sondagsrivier wat net ten weste van die huidige brug oor laasgenoemde rivier (pad van Elandslaagte na Wesselsnek) daarmee verenig, vandag meestal bekend as die Inkunzi-rivier. Die naam *Mielietuin* is waarskynlik afkomstig uit die dae van die Wenkommando toe daar sprake van Mielietuine was, wat kommandant Jacobsz besoek het toe hulle in die buurt was.⁸⁹ As dit egter inderdaad die rivier was wat later onder die naam bekend was, dan is dit opvallend dat die kommando hierdie keer hoër langs getrek het en nie deur Wesselsnek nie. (Daar is natuurlik ook die moontlikheid dat hulle reeds met die heenreis hierdie pad gevolg het). Delegorgue vertel net dat hy die dag weer steenkool in ’n rivier gevind het. Die omgewing is inderdaad ryk aan steenkool.

By die Mielietuinrivier het Pretorius ’n lang onderhoud met „den Mantatees kaptein” gehad oor die „verfoeilyke misdaad van Mattawaan.” Hy het aan hom en sy volk vergoeding en ’n gebied om te bewoon belowe. Verder vertel Zietsman: „Wy vertrokken van hier, en legerden ons, om half zeven uren, aan die Joobsrivier.”⁹⁰ Die *Joobsrivier* is waarskynlik die Sondagsrivier, want genoemde rivier vloei by die huidige Jobeskop en die toenmalige gebied van Jobe verby.

Die 22ste Februarie kom hulle aan die Kliprivier „alwaar wy ons om 3 uren legerden, zynde 15 mylen van de Tugela.” Hier is Matowan weer voor die krygsraad gebring, maar die saak is weer uitgestel. Op Sondag, die 23ste Februarie het hulle blykbaar daar vertoef. „Onze Godsdiens weder als altoos; wy hadden dezen dag fraai weder”; dit is

84. Delegorgue, 249.

85. Zietsman, Natal I, 338.

86. Delegorgue, 249.

87. Zietsman, Natal I, 338.

88. *Ibid.*

89. Bantjes, Natal I, 277.

90. Zietsman, Natal I, 338.

al wat Zietsman van die dag vertel. Delegorgue vertel slegs dat hulle die dag verneem het dat die Tugela erg vol was en moeilik deurgekom sou word.⁹¹

Van die 24ste Februarie vertel Zietsman dat Pretorius 14 000 beeste verdeel het onder die mense wat oorkant die Drakensberg gewoon het en dat hy 22 000 plus nog 5 000 wat Jobe moes lewer, na Pietermaritzburg sou stuur. „De Togela is zeer sterk, en zal ons misschien nieuwe moeilikheden veroorzaken. Wy hopen echter morgen, zonder verwyl, naar Pieter Maritzburg voort te rukken.” Hulle het blykbaar nie die dag verder getrek nie, hoewel die opmerking oor die vol Tugela sal laat vermoed dat hulle daar aangekom het. Zietsman sluit sy dagverhaal af aan die „krygsleger, Kliprivier, den 24 February 1840.”⁹²

Delegorgue vervolg die verhaal nog verder; tot sy aankoms in Pietermaritzburg, maar hy gee geen besondere terreinbeskrywing nie.

Prof. F. J. du T. Spies.

91. Delegorgue, 251.

92. Zietsman, Natal I, 339.